# HOOFSTUK IV.

## DIE VERHOUDING KERK, STAAT EN SKOOL.

## 1825 - 1843.

### 1. DIE KERK DIE SLAGOFFER VAN STAATSINMENGING.

#### (a) DIE SEKULARISASIE VAN DIE KERK.

Die Sinode van 1824 het die staats-kerkorde van de Mist in hoofsaak bekragtig. Professor S. du Toit sê hieromtrent: "Is 1804 die sterfjaar van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1824 is die jaar van die plegtige begrafnis." 1)

Op die Sinode van 1842 is die kerklike wette weer hersien. Hierdie wette is in 1843 deur die goewerneur goedgekeur en die Kerkorde van de Mist is afgeskaf. Die Kerk had nou die reg om "wette" te maak sonder bekragtiging van die owerheid. Die Sinodes kon vergader sonder die teenwoordigheid van politieke kommissarisse. 2)

Ordonnansie Nr. 7 van 1843 maak die kerk vry van staats-inmenging. 'n Nuwe stadium in die verhouding staat - kerk word bereik. Dit het die ketting verbreek wat die kerk van sy stigting aan die staat gekluister het en laat hom volkome vry in die bestuur van sy inwendige sake, sonder enige bemoeiing van die burgerlike owerheid. 3)

Hierdie vryheid in eie kring beteken nog verreweg nie dat die kerk meer seggenskap oor die skool verkry het nie. Inteendeel: vanaf 1839 is die onderwysstelsel meer as ooit gesentraliseer en verwêreldlik.

#### (b) DIE ANGLISASIE VAN DIE KERK.

1824 se Sinode het die volk se oë oopgemaak. Reeds het dit deurgeskemer dat daar onder die kalme oppervlakte 'n nog gedempte onrus gebroei het. In sy verslag aan die goewerneur oor die 1824 Sinode, skryf I.A. Truter, dat, as hul die aansluiting van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika bewerkstellig het, die "public tranquility" moontlik verstoor kon geword het. 4)

1). du Toit: Handleiding vir die Studie van die Kerkgesk., 148.
2). Ibid., 149.
3). Moorrees: Die Nederduitse Geref.Kerk in Suid-Afrika 1652-1873, 665.
4). Kaapse Kerkargief: Sl., 308.

Lord Charles Somerset skryf op 26 Maart 1825 aan Graaf Bathurst om sterk aan te beveel dat Faure dieselfde voorreg, as Engelssprekendes moet ontvang, om ses maande in Holland te gaan studeer. Dit sou dien om die gemoedere te stil: "The fact is that members of the Scottish clergy have of late years poured into the colony so abundantly that a feeling has been excited amongst the colonists which I lament to see arise, and which Your Lodship's acquiescence in Mr H.E. Faure's request will tend greatly to allay." 1)

Ook die memorie van die Hollandse ingesetenes van Albanie waarin hul vra dat die eredienste in hul eie taal mag wees, is nog 'n teken dat die Boere nie meer met alles tevrede was nie. Hul het aangevoer dat hul moes betaal om die Kerk in stand te hou, maar het geen baat by die eredienste gevind nie omdat hul die taal nie kon verstaan nie. 2)

Die instroming van Skotse predikante het nog steeds voortgeduur. In 1834 was 13 uit die 23 diensdoenende predikante Skotte. Op 7 Junie 1836 rig ds Faure, namens die Kaapse Kerkraad, 'n brief aan die owerheid om te versoek dat in die vervolg Afrikanerpredikante aangestel mag word. Verskeie lidmate van die gemeente van die Gereformeerde Kerk, gebore Afrikaners, was besig om hul voor te berei om predikante te word. Sommige van hul het met die beste getuigskrifte en hoogste onderskeiding van die universiteit, waar hul studeer het, teruggekom. Die owerheid word gevra om die aanspraak van hierdie mense in aanmerking te neem. 3)

Lord Glenelg antwoord op 26 Mei 1838 dat gemelde teologiese studente uitsluitlik in Holland gestudeer het en hy beskou dit as wenslik dat mense wat poste beklee, wat soveel invloed op die samelewing aan die Kaap uitoefen, minstens 'n deel van hul opvoeding in Engeland moet ontvang.

"I wish it therfore to be understood that between candidates whose qualifications are in other respects equal, the government would be disposed to give

1). Theal: Records, Vol. 20, 392.
2). Theal: Records, Vol. 27, 322.
3). Dreyer: Boustowwe 111, 382.

a preference to those whose theological studies have not been exclusively finished in a foreign country." [1]

Sir John Herschel het besef dat die kerk 'n nasionaliserende strekking kon hê. Dis moontlik daarom dat hy Bell se skema om predikant-onderwysers in die lewe te roep, geopponeer het.
Die gevolg van so'n stelsel sou volgens hom slegs help "to perpetuate a line of religious demarcation between particular districts and localities in the colony, with the obnoxious feature of national distinction superadded". [2]
'n Afrikaanse nasionalisme moes tot elke prys vermy word.

Die brief van James Adamson van die "South African College" aan die Sinode op 17 November 1842, is 'n mooi voorbeeld van die dreigende houding wat ingeneem is teen enige Hollandse element in die kerk. Hier word ook daarop gewys dat die staat seggenskap oor kerksake moet hê omdat hy geldelike ondersteuning gee: "But it is perfectly clear, that the national government, in sanctioning the expenditure of public money for the support of the Colonial Church, is bound to see and must see, that the spiritual interests of British born subjects are attended to, by requiring in the colonial ministers, the practice of officiating in English. The restriction of the ministrations of the Church to the Dutch language, would soon convert it into a despised sectarian remnant......"

"And it must be obvious, that if the British government and people be called to the duty of supporting a peculiarly British establishment in the districts of this land, it will be done in such a way, as ultimately to tread upon, push aside, and extinguish the other". [3]

## 2. DIE SKOOL EN SY ANGLISASIE.

In 1824 was onderwystoestande haglik. P.J. Truter rapporteer in daardie jaar dat minstens tweederdes van die skoolgaande kinders geen onderwys wat ook al ontvang het nie. [4] Nie net as godsdienstige en beskawende faktor het die skool sy doel dus grotendeels gemis nie, maar ook as anglisasiemiddel.

1). Dreyer: Boustowwe, 385.
2). Report Educ. Comm., App. V, 59
3). Kaapse Kerkargief: S7, Nr. 176, 823,824.
4). Report Educ. Comm. 1863, App. V, 49, 50.

## (a) DIE ENGELSE VRYSKOOL SE MISLUKKING.

Die mislukking van die algemene anglisasiebeleid is reeds bespreek. Die mislukking van die vryskole in die besonder moet toegeskryf word aan die algehele gebrek van hierdie skole om onderwys te verskaf wat aangepas was by die volk: hier was eerder 'n poging om die volk aan te pas by 'n vreemde nasionalisme en kultuur. "Want, om 'n latere benaming te gebruik - wat die Boerekinders veral nodig gehad het, toe daar min tyd was om skool te gaan, was nie die Engelse Matriek nie, maar die "Boerematriek" - leer lees, skryf, reken, sing en veral Bybelkennis opdoen". 1)

"Hul het begin insien dat die vryskole sonder Holands nie waarlik vry was nie, maar in werklikheid niks anders nie as gecamoufleerde slagysters om hul kinders mee te vang; nie die opvoeding nie, maar die verengelsing van hul kinders - dit het nou al meer geblyk die werklike motief te wees van die oënskynlik so grootmoedige gratis onderwys". 2)

Die algehele uitskakeling van Hollands uit skole vir kinders wat geen ander taal geken het nie, was om die onmoontlike te probeer doen. In sy verslag van 1844 het die S.V.O. daarop gewys dat die mate van sukses wat hul bereik het, die gevolg was van 'n bietjie Holandse onderwys wat hul, teen die reëls in, verskaf het. 3)

'n Mooi voorbeeld van die gebrek aan belangstelling in skole waaruit Hollands verban was, blyk uit die geskiedenis van die twee vryskole in Kaapstad. Aanvanklik het hul floreer, want albei tale is daar geleer. Toe die goewerneur in 1828 beveel dat Hollands daaruit geweer moes word, begin hul kwyn. Hul is later verenig, maar die gemiddelde jaarlikse bywoning in 1839 was slegs 84 teenoor 675 in 1828. 4)

Die agteruitgang van die vryskole het 'n unieke toestand geskep. Hierdie skole het so baie aangebied. Hul was as't ware 'n ongekende gratis weelde. Die

1). Pienaar: Die Triomf van Afrikaans, 40.
2). Ibid., 39, 40.
3). Report Educ. Comm., 1863, XXVl.
4). du Toit: Onderwys in Kaapland, 72,73.

privaatskole of die onderwys wat rondreisende onderwysers aangebied het, het lelik afgesteek by eersgenoemde deftige skole. Nieteenstaande die feit dat die regering alles in sy vermoë gedoen het om dit te verhoed, het die vryskole gekwyn. Van een so'n skool vertel die Kommissie: "Everything appears to have been done to secure success; but the inhabitants have preferred to make other provision, of a private character for the instruction of their children". 1) Die Boere het geweier om gedenasionaliseer te word.

Selfs nadat die Engelse Regering sy fout begin insien het en in 1834 aangebied het dat kinders van ouers wat daarom aansoek gedoen het ook Hollands moes leer, het die agteruitgang van die vryskole voortgeduur. 2)

Die vermeerdering van privaatskole en die vermindering van die regeringskole was steeds die maat waarmee die bevolking se wantroue in die regeringsbeleid gemeet kon word. Dié verhouding kan beter begryp word deur onderstaande tabel te bestudeer. 3)

| Jaar | Vryskole | Jaar | Privaatskole |
|---|---|---|---|
| 1822 | 6 | 1830 | 39 |
| 1827 | 26 | 1835 | 34 |
| 1837 | 17 | 1836 | 36 |
| 1839 | 11 | 1837 | 86 |
| 1840 | 11 | 1838 | 92 |
| 1842 | 17 | 1839 | 94 |
| 1843 | 20 | 1840 | 88 |
| | | 1841 | 112 |

(b) DIE "ESTABLISHED SCHOOLS"

1. Die sekularisering van die beheer.
11. Die godsdiens in die "Established Schools"
111. Die verengelsing in die "Established Schools"

Die onderwystoestande was haglik; die Bybel- en Skoolkommissie was lank reeds uitgedien; die anglisasie via die vryskole was 'n mislukking. Iets moes gedoen word. Op 28 Augustus 1837 reedpleeg Kolonel Bell vir Sir John Herschel, die beroemde sterrekundige, wat juis toe aan die Kaap was. Bell verduidelik aan Herschel dat die Bybel- en Skoolkommissie nie meer aan sy doel beantwoord

1). Report Educ. Comm. 1863, XLVI.
2). du Toit: Onderwys in Kaapland, 73
3). Malherbe: Educ. in South Africa.

het nie; hy wy uit oor die "druken disreputable characters," d.w.s. die droster-onderwysers en doen dan aan die hand dat een man oor die onderwys aangestel word, wat óf nie 'n predikant is nie, óf anders heeltemal onbevooroordeeld staan teenoor die verskillende geloofsbelydenisse. Hy sou dan 'n onpartydige direkteur-generaal van publieke skole wees.[1]

1. DIE SEKULARISERING IN DIE BEHEER VAN DIE "ESTABLISHED SCHOOLS".

Die nuwe stelsel is hoofsaaklik gebaseer op Sit John Herschel se aanbevelings wat as volg saamgevat kan word:

1. Hy beaam Bell se mening dat dit wenslik is om één persoon aan die hoof van die onderwysaangeleenthede te plaas. Dit sou tot beide kontinuïteit en vereenvoudiging van die onderwys-administrasie lei. Wat die onderwysstelsel nodig had, was stabiliteit. Elke goewerneur het tot dusver sy eie stelsel probeer toepas.[2]

11. Onderwys is 'n taak van die staat en nie van die kerk nie. As die staat die onderwys beheer, sou daar groter uniformiteit en sekerheid wees.

111. Die onderwysers se sosiale stand moes verhef word; die eerste stap tot die verwesenliking daarvan moes 'n verhoging van salaris wees.

1V. Teenoor Bell se plan om die onderwysprofessie tot predikantskap te laat lei, sê Herschel dat die onderwys 'n respektabele en selfstandige beroep moet wees. Promosie moes binne die professie en nie daarbuite gesoek word nie.[3]

Nadat hierdie en ander idees, waarvoor Fairbairn, Sir George Napier en Kol. Bell verantwoordelik was, in besonderhede uitgewerk en tot 'n stelsel verwerk is en nadat dit deur Lord Glenelg goedgekeur is, het die goewerneur sy " Government Memorandum" uitgevaardig.

In 1839 is 'n onderwysdepartement in die lewe geroep onder 'n staatsamptenaar, die Superintendent van Onderwys, wat die hele administrasie moes behartig. Die skoolkommissie is in 1841 afgeskaf. Met die instelling van die departement van onderwys en die afskaffing

1). Malherbe: Educ. in South Africa, 75, 76.
2). Ibid., 71.
3). Malherbe: Educ. in South Africa, 71.

van die Bybel- en Skoolkommissie is die laaste direkte band tussen kerk en skool formeel gebreek en het die regering die saak van opvoeding in eie hande geneem. 1)

Alle primêre onderwys was vry. Die Staat sou betaal en beheer. (Die argument dat die regering moet beheer omdat die "staat" vir onderwys betaal, gaan nie deur nie. Die wat betaal, is direk of indirek, die volk)

## 11. GODSDIENS IN DIE "ESTABLISHED SCHOOLS".

Die goewermentskole wat ontstaan het, is gegroepeer in drie klasse: die eersteklas-skole het primêre en sekondêre onderwys verskaf; die tweedeklasskole het uitsluitlik elementêre onderwys verskaf en in 1843 ontstaan die staatsondersteunde derdeklasskole op die platteland. Die primêre leerplan het voorsiening gemaak vir die volgende vakke: lees, skryf, rekenkunde, Engels, Hollands, aardrykskunde, geskiedenis, fisika en godsdiensonderwys; die sekondêre afdeling het die volgende addisionele vakke omsluit: Latyn, Grieks, Frans, matesis, landmeetkunde, fisiese aardrykskunde en elementêre geologie.

Die godsdiensonderwys wat onder die N.O.K. en Cradock hoofsaak was, word nou slegs een van baie onderwysvakke, met geen waarborg dat die gees van die skool godsdienstig sou wees nie. En tog is die doel van onderwys, soos deur Sir John Herschel neergelê en deur die regering aanvaar is, as volg: "To form good citizens and men, by instructing them in the relations of social and civil life; - and to fit them for a higher state of existence, by teaching them those things which connect them with their Maker and Redeemer". 2) Volgens hierdie doel van onderwys moet die Christelike en die nasionale dus verenig word. Die lees van die Bybel moet die fondamentsteen van sedelike opvoeding vorm. Wat Herschel presies bedoel het met "Christelike" en "nasionaal" het definitief nie gerym met die opvatting in verband daarmee wat die bevolking gehuldig het nie. Sy pleidooi om predikante uit te skakel uit die onderwys rym ook nie

1). Greyling: Die N.G. Kerk en die Armsorg, 17; Report Educ. Comm., XVIII.
2). Report Educ. Comm. 1863, App.V,64.

met sy definisie van die doel van onderwys nie. [1]

Christelike onderwys moes volgens Herschel voldoen aan die volgende restiksie: "So long as Christian principles are broadly laid down as basis of all proceedings, an avoidance of everything calculated to perpetuate religious and civil distinctions between members of the same community, or to fasten a spirit of domination on the part of any religious sect, ought to be studiously and pointedly avoided". Vir die laer afdeling van die eersteklasskole en die tweedeklasskole is die leerplan i.v.m. godsdiensonderwys dienooreenkomstig ingerig. [2] In die hoër afdeling is geen voorsiening vir godsdiensonderwys gemaak nie.

Dit blyk dat die owerheid geen bespreking van die gelese gedeeltes van die Bybel wou toelaat nie. Volgens die S.O. se godsdiensleerplan moes die kinders, d.w.s. die van hulle wie se ouers nie teen godsdiensonderwys geobjekteer het nie, in drie groepe verdeel word vir Bybelles: die kinders wat nog nie kon lees nie moes Bybeltekste leer deur dit agter die monitor aan te sê; die wat maar swak kon lees, moes met die hulp van die monitor maklike gedeeltes van die Bybel lees; die derde groep, naamlik die kinders wat reeds goed kon lees, moes onder die onderwyser se persoonlike toesig staan: "The present system gives secular instruction during certain hours, based on the revealed truths of the Bible, which is one of the text books, and which is taught at a particular hour, during which, if the parents desire it, the children may be absent".[3] "I do not expect, nor would I permit the exercise to be made an occasion for preaching, or inculcating peculiar doctrines." [4]

Ook aan die sending- en plaasskole is die voorwaarde gestel dat vir godsdiensonderwys slegs die Bybel gebruik mag word gedurende skoolure en dat vir dié doel die lees van die Woord een van die daaglikse oefeninge van die skool sou wees. [5]

Van bostaande kan die volgende stellings afgelei word:

1). Report Educ. Comm. 1863, App. V, 59
2). Ibid., 56. Ons onderstreep.
3). Report Educ. Comm. 1863, Evidence, 21, par. 108.
4). Ibid., 22, par. 113-114.
5). Ibid., 77, 78, 84.

I. Godsdiensonderwys het voortbestaan.

II. Alle dogmatiese godsdiensonderwys is binne skoolure afgeskaf.

III. Daar moes geen of 'n minimum van bespreking wees en godsdiensonderwys was sinoniem met Bybellees.

IV. Daar was 'n skeiding tussen wêreldlike en godsdienstige onderwys: die godsdiensonderwys is afgehok in 'n aparte lesuur, "an hour set apart for that purpose."

V. Daar was geen waarborg dat die gees van die onderwys en die lewensbeskouwing van die onderwyser godsdienstig was nie.

Die kerklike belangstelling in opvoeding het nooit verflou nie. Veral die Ned. Geref. Kerk het dwarsdeur die neëntiende eeu steeds gestrewe na die kerstening van die staatskool. [1] Selfs na die instelling van die nuwe stelsel het die Sinode van 1842 hom beywer dat die onderwysers onder die onmiddellike toesig van die Kerkraad moes staan. [2]

Of die insluiting van 'n bietjie Hollands in die leerplan by die ouers oorweeg het en of die populêre S.O. daarin geslaag het om belangstelling op te wek en baie besware d.m.v. sy persoonlikheid uit te stryk, dis nie met sekerheid te sê wat die vernaamste oorsaak was nie: Dis egter 'n feit dat die aantal leerlinge gedurende die eerste jare geweldig uitgebrei het. (Dit was ook so gedurende die eerste jare van die Somersetskole.) Innes het voor die Watermeyer-kommissie verklaar dat die Hollandse Kerk tevrede was met hierdie toestand. [3]

Malherbe sê ook: "The equitable settlement arrived at prevented religion from being totally excluded from South African schools as has been the case in France and U.S.A.". [4] Die godsdienstige grondslag van die Afrikaner se geskiedenis en volksaard is egter uniek en 'n vergelyking met Frankryk en V.S.A. gaan nie op nie.

1). Coetzee: Vraagstukke v.d. Opvoedkundige Pol., III.
2). Kaapse Kerkargief S7, Nr 19, 211. Sien ook 210.
3). Report Educ. Comm. 1863, Evidence, 19, 20, para 97.
4). Malherbe: Educ. in South Africa, 80.

## 111. DIE ANGLISERING IN DIE "ESTABLISHED SCHOOLS".

Hierdie skole het dieselfde doel beoog as die "Government Free Schools" van Lord Charles Somerset: vry onderwys met die spesiale doel om die Boere te verengels.[1] Maar daar was 'n belangrike verskil. Innes het lank reeds ingesien dat 'n bietjie Hollands nie alleen nodig was om die Hollandssprekende bevolking te paai nie, maar ook om van die onderwys 'n sukses te maak. Die hoër godsdienstige doel van onderwys, sê Innes, "must commence with early youth, and, therefore necessarily, in the language which is vernacular, not in that which is acquired."[2] Innes was een van die, by uitsondering, suksesvolle onderwysers wat in L.C.S. se tyd ingevoer is. Sy sukses het hy egter behaal omdat hy teen die reëls in 'n bietjie Hollands ook gegee het.[3]

"Die Zuid-Afrikaanse Tydschrift" het nog steeds vir die behoud van Hollands geveg. Op 1 Mei 1834[4] skryf die blad: " Ik ben volkomen van het gevoelen van den Commercial Advertiser, dat de opvoeding aan het uitsterven is, waar het onderwys slechts in de Engelsche taal gegeven wordt."

Ook Kol. Bell erken in 1837: The system of teaching the English language only in free schools, - or rather the exclusion of the Dutch, - was in force for several years; but it was found that some knowledge of the latter was absolutely necessary......"[5]

Almal, "Het Z.A. Tydschrift" inkluis, was dit egter roerend eens dat Engels uiters noodsaaklik was. Sir George Napier was so deurdronge van die idee van die belangrikheid van Engels dat hy eenvoudig geweier het om 'n regeringstoelaag te verleen waar die onderwyser nie bekwaam was om ook in Engels onderwys te gee nie. Dus liewer geen skool as 'n skool waar geen Engels geleer word nie. Wil of kan hul dit nie, dan word die kind aan sy lot oorgelaat.[6]

In die regering se memorandum van 23 Mei 1839 lees ons: " To these.... his excellency has to add one

1). Ibid., 81.
2). Rapport v.d. Superintendent v. Ond., 1855-1856.
3). Aldaar 18.
4). Het Z.A. Tydschrift., 1 Mei 1834, 18.
5). Report Educ. Comm. 1863, App.V, 54.
6). Moorrees: Die Ned. Geref. Kerk in S.A., 601.

of paramount importance to this colony, viz. to render its educational establishments effective in diffusing a correct kwowledge of the English language among all ranks of the people...... the cultivation of the English language (is) inseparably connected with the future prosperity of this country". 1)

Enersyds was daar die ontnugtering dat Hollands onontbeerlik was; andersyds was daar die algemene verheerliking van Engels. Die gevolg was dat Hollands tot die essensiële minimum beperk is. Dit was 'n bykomstigheid wat slegs as noodsaaklike euwel deur die owerheid geduld is. Dit sou slegs d.m.v. vertaling geleer word en slegs deur diegene wat die vertalingklasse wou bywoon! In die middelbare onderwys was daar hoegenaamd geen Hollandse onderwys nie. 2)

In 1843 het die owerheid besluit om ook aan plaasskole staatsondersteuning te gee, mits Engels volgens sekere regulasies onderwys word: "It shall be made the language of intercourse between the master and pupils at a certain hour per day, and in connection with some branch of instruction." 3) Engels sou die "Colloquial language" van die skool word.

Meer Engelse onderwysers is ingevoer om die nuwe stelsel "suksesvol" te kan toepas. Met die doel is Innes self in 1840 Engeland toe om nog onderwysers te gaan haal. 4) (Innes self het Skotte verkies. Hul het beter aangepas by die Afrikaanse toestande, beide wat taal en gewoontes betref. 5)

Maar die Boere was met min tevrede. Op die oog het die protesterende Boere gewen. Die wat nog nie weggetrek het nie, ondersteun die "Established Schools". Immers, die Groot Trek was 'n protes teen die hele politieke behandeling van die kolonialers. Die nuwe skoolreëling was 'n versoeningsdaad van die regering teenoor die onderdane wat agtergebly het. Hier eindig die eerste fase van die stryd. Die plan was om die volk nie meer gewelddadig nie, maar taktvol te verengels, want die

1). Report Educ. Comm. 1863, App.V, 64,65.
2). Report Educ. Comm., App. 5, 65,66.
3). Ibid., 77,88.
4). Ibid., XXXV111.
5). Malherbe: Educ. in S.A., 84.

hoofdoel het dieselfde gebly. [1]

## 3. HOËR ONDERWYS, GODSDIENS EN POLITIEK.

### (a) DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

By die studie van hierdie aangeleentheid is daar veral twee belangrike in die ooglopende faktore: eerstens die laksheid van die regering om die saak van 'n eie opleidings-inrigting te ondersteun. Dit spreek vanself dat dit nie beverderlik vir die regering se verengelsingsbeleid sou wees as Afrikaners in Suid-Afrika opgelei sou kon word nie. [2] Onderwysers moes ingevoer word.

Tweedens die ywer van die Ned. Geref. Kerk om 'n instituut op te rig waar Christelike onderwysers opgelei kon word.

#### 1. DIE STREWE NA 'N NORMAALSKOOL.

Volgens Artikel 21 van die Dordtse Kerkorde moet die Kerkrade toesien dat daar goeie skoolmeesters is, wat nie alleen die kinders in die wêreldlike vakke onderrig nie, maar ook in die godsaligheid en katigismus. Die Kerk het hier 'n belangrike roeping, want die bepaling van wat 'n goeie onderwyser is, is heeltemal anders as die van die staat, maatskappy of ouer, want vir die kerk is die goeie onderwyser in die eerste plek 'n gelowige Christen. Die Kerk het groot belang by die opleiding en keuse van die onderwysers van die kinders van die kerk. Christelike normaalskole is nodig. [3]

Voorbeelde van hoe die geestelikes hul bekommer het oor die lae sedelike en intellektuele peil van die onderwysers is te talryk om te noem. Die Kerk het hom baie kragtig beywer vir die stigting van 'n inrigting waar Christelike onderwysers opgelei kon word. Toe hulle in 1829 die saak vir die derde maal te berde bring van die stigting van 'n teologiese kweekskool, vind die Sinode dit met enkele uitsonderinge goed. Die meerderheid was egter van oordeel dat dit nuttiger en doelmatiger sou wees, indien hulle dit so kon inrig dat die seminarium tewens sou dien om ondergeskikte onderwysers in die gods-

1). Nienabers: Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging, 53.
2). du Toit: Onderwys in Kaapland, 87.
3). Coetzee: Die gereformeerde Beginsel in die Onderwys in Transvaal, 5,6,7.

diens vir die platteland op te lei. Die voorstel is aangeneem. Die Kerk sou die hele onderneming probeer finansieer, maar 'n memorie is tot die regering gerig om die salaris van 'n professor te betaal. Die owerheid het geweier. By gebrek aan fondse word die saak daargelaat. 1)

In die vierde Sinode se "<u>Reglement i.s. Onderwys van die Christelike Jeug</u>" Artikel 1, lees ons: "De oorzaak van de slechten staat van het onderwys der Christelyke Jeugd inzonderheid in de Buitendistrikten,.......... is te zoeken in het groote gebrek aan zulken die geschikt zyn om als onderwysers der jeugd werkzaam te zyn. Ter voorziening dan in deze dringende behoefte en ter wegneming van deze zoo nadeelig-werkende oorzaak worde er in Kaapstad, en waar zulks nu en in het vervolg in de Buitendistrikten gevoeglyk geschieden kan, Instituten opgerigt ter vorming en opleiding van zulken die zich tot dat gewigtig werk wenschen bekwaam te maken." 2)

Daar word besluit om een of meer persone aan te stel om bekwame en godvrugtige jongmense van die Gereformeerde geloof gratis tot onderwysers op te lei. Verder word die skema in besonderhede uitgewerk: Al die nodige fondse sou "geheel uit den boezem der onderscheidene gemeenten der Nederduitsche Hervormde Kerk en van hare begunstigers moeten voortkomen." Die beheer oor hierdie onderwysers en skole sou berus by die kerkrade. 3)

Ongelukkig was die regering weer nie te vinde vir hierdie saak nie - en dit, nieteenstaande die feit dat die Kerk onderneem het om dit self te finansieer. Die vyfde Sinode besluit om die owerheid d.m.v. die Kommissaris-Politiek te vra wat geword het van die voorstelle wat hul in 1834 i.v.m. opvoeding aan die regering voorgelê het. 4)

Later trek die Sinodale Kommissie van Opvoeding en Onderwys die stoute skoene aan om 'n skool tot stand te bring vir opleiding van onderwysers, dog toe ses kwekelinge byna bekwaam was om as onderwysers uit te gaan, was hul verplig weens gebrek aan fondse om die veelbelowende onderneming te laat vaar. 5)

1). Moorrees: Die Ned. Geref. Kerk in S.A., 562, 564.
2). Dreyer: Boustowwe v.d. Gesk v.d. N.G. Kerke in S.A. 111, 327.
3). Ibid., 330.
4). " 85, 320.
5). Moorrees: Die N.G. Kerk in S.A.., 604; du Toit: Onderwys in Kaapland, 89.

In 1842 word in Nuwestraat, Kaapstad deur die owerheid 'n "Normal Seminary" gestig. Eerw. Thomas Buchanan van Skotland is as rektor aangestel. Hoewel die inrigting tot 1859 voortbestaan het, het hy geen enkele onderwyser opgelewer nie. Die kwekelinge wat daar opgelei is, het nie onderneem om onderwys te gee nie. Die inrigting het dan ook nooit bokant die peil van 'n eersteklasskool uitgestyg nie. Hierdie mislukking moet veral aan die rektor se onbekwaamheid toegeskryf word.[1)]

11. ANGLISASIE BY DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

Aangesien die stigting van 'n normaalkollege nie verwesenlik kon word nie, was die enigste ander uitweg om maar terug te val op die kwekelingstelsel, wat dan ook in 1842 herleef het. Hul is in die eersteklasskole opgelei. Soos reeds aangehaal, was daar geen Hollands in die hoër afdeling van die skole nie en slegs die essensiële minimum Hollands in die laer afdeling.

Ook in die "Normal Seminary" van 1842 was daar geen voorsiening vir onderwys van Hollands nie.[2)]

(b) SUID-AFRIKAANSE ATHENAEUM.

1. DIE STIGTING.

Die motiewe wat aanleiding gegee het tot die stigting was, volgens Ritchie, waarskynlik van tweërlei aard: in die eerste plek het die Hollandse seksie van die bevolking gevoel dat hul, wat betref geverderde onderwys oor die hoof gesien is; in die tweede plek was dit nie regverdig dat die enigste superieure skool in die stad so deur een besondere denominasie beheer is nie.[3)]

In 1825 het die "Ned. Z.A. Tydschrift" al die hoop uitgespreek dat die voorstanders van die Gereformeerde Godsdiens sou oorgaan tot die stigting van 'n inrigting vir hoër onderwys.[4)] Op 14 Oktober 1828 is, op inisiatief van Dr A. Faure, 'n merkwaardige vergadering in die konsistoriekamer van die Ned. Geref. Kerkgebou

1). Report Educ. Comm. XLV111, Evidence, 12, para 66. Malherbe: Aldaar 80; du Toit: Aldaar 88.
2): Report Educ. Comm. App. V, 71-73.
3). Ritchie: The History of the South African College Vol. 1, 23, 24.
4). Het Z.A. Tydschrift, Mei-Junie 1825, 209.

in Kaapstad gehou onder voorsitterskap van Sir J. Truter. Daar is besluit op die stigting van die Suid-Afrikaanse Athenaeum. Di. Faure en Adamson sou die werk van professore vir een jaar gratis doen. 1)

Op hierdie vergadering is 'n kommissie van elf aangestel onder die voorsitterskap van J.A. Truter. Hul het hul beywer vir die stigting, veral deur met die goewerneur te onderhandel en deur die verkoop van aandele. 2)

## 11. SEKULARISASIE IN DIE BEHEER VAN DIE ATHENAEUM.

Vervolgens is 'n Raad en die Senaat saamgestel. Eersgenoemde het bestaan uit 15 direkteure waaronder drie leraars was. Die Kerk het dus geen direkte seggenskap gehad nie en was buitendien maar swak verteenwoordig op die Raad. Die Senaat het bestaan uit die professore en 'n gelyke aantal Raadslede. Die voorsitter van die Senaat moes ook 'n lid van die Raad wees. 3)

Die Bybel- en Skoolkommissie het geen seggenskap gehad nie. Blykens die prosedure tydens die godsdienstige geskil het die vergadering van aandeelhouers die finale seggenskap gehad. Met die koms van Sir Benjamin Durban was daar nuwe hoop om staatsondersteuning te verkry, want daar was twee gevalle van wrywing met die vorige goewerneur. 4) 'n Memorandum in dier voege is persoonlik deur Sir John Truter aan die goewerneur oorhandig. Hierin word vermeld dat, hoewel die regering se voorstelle altyd uitgevoer is, daar nog geen staatsondersteuning voortgekom het nie en dat die indruk verwek is dat die regering die inrigting nie goedgesind was nie.

Die antwoord van die goewerneur was gunstig, maar hy het voorgestel dat die regering twee lede van die Raad moes nomineer as die staat hoogstens £ 200 sou bydra tot die fondse. 'n Vergadering van aandeelhouers het die goewerneur se voorstel aangeneem. Vanaf 1837 het die regering toe ook seggenskap in die beheer van die inrigting. 5)

## 111. INTERNE SEKULARISASIE IN DIE ATHENAEUM.

Dit was deurgaans duidelik dat alle vooraanstaande Afrikaners en kerkmanne van die begin af bedoel het dat die

1). Moorrees: Die N.G. Kerk in S.A., 563.
2). Ritchie: The History of the South African College Vol.,1, 24 et seq.
3). Ibid., 40,43.
4). Ritchie: The History of the South African College Vol. 84.
5). Ibid., 87, 88.

opvoeding in die inrigting na gees en inhoud godsdienstig sou wees. Die opening van die "College" is in die Ned. Geref. Kerk in Kaapstad gehou en wel in die vorm van 'n erediens, eers in Engels deur ds G. Hough en toe in Hollands deur ds M. Borcherds. Eersgenoemde het daarop gewys dat ware wetenskap die kennis van die werke van God is. Laasgenoemde het gespreek oor "De nuttigheid der schoone kunsten en wetenschappen en eene Godgeheiligde wysheid". 1)

By Geleentheid van die eerste verjaardag van die Athenaeum het Sir J. Truter daarop gewys hoe hierdie inrigting vir hoër onderwys moes lei tot die Christelike verheffing van die Afrikaanse jeug. Die vrese van God is die beginsel van alle menslike wysheid. 2) Na die jaarlikse eksamen het hy die professore 'n groot aantal vrae gestel om te verseker dat die godsdiensonderwys nie verwaarloos is nie. 3)

Hierdie toestand het nie lank voorbestaan nie. Al spoedig het 'n paar studente 'n twisappel gevind wat hul in die Raad gerol het. Die katkisasieklasse het soms gebots met die rooster van die Kollege, sodat hierdie studente dit nodig gevind het om aansoek te doen om afwesig te wees as daar katkisasie gehou word. Om almal te probeer tevrede stel, besluit die Senaat op 6 Februarie 1830 om die Raad te vra om maatreëls te tref dat daar weekliks katkisasieklasse mag wees vir studente van die verskillende Christelike gesindhede, binne die mure van die Athenaeum, deur die professore, of die predikante van die verskillende kerke.

Op 27 Februarie vergader die Raad. Regter Burton het 'n voorstel ingedien wat die Senaat se versoek bekragtig het. Die heer C.J. Brand het egter voorgestel dat sodanige kategetiese onderwys nie in die Kollege self gegee sou word nie, maar in die onderskeie kerke. 4) Laasgenoemde amendement is aangeneem. Nadat Regter Burton hom tevergeefs op die direkteure beroep het, het hy beide as aandeelhouer en lid van die Raad bedank. Ook S.J. Truter en die hoofde van al die Afrikaanse kerkgenootskappe, behalwe die Lutherse, het hul aan die

1). Ibid., 52.-Sien ook 49,53.
2). Het Ned. Z.A. Tydschrift Nov-Des: 1830, 435, 436.
3). Ibid., Julie-Augustus, 1831, 320.
4). Ibid., Maart-April 1830, 157; Ritchie: The Histrory of the South African College Vol. 1, 56, 57.

inrigting onttrek. Prof. dr. Adamson het bedank omdat hy homself beledig gevoel het en Prof. Judge omdat hy hom nie kon vereenselwig met die uitsluiting van godsdienstige onderwys uit die Kollege nie. [1] Die Inrigting het hierdie skok moeilik oorlewe.

Daarmee was alle godsdiens egter nie uit die Athenaeum verban nie. As nasleep van hierdie geskil het Sir J. Truter, soos reeds vermeld, in 1831 die professore onder kruisverhoor geneem om te sien wat die werklike toestand i.v.m. godsdiens was. Hul het positiewe antwoorde op al sy vrae kon gee. [2] Enige studente had egter die reg om die lokaal gedurende die godsdiensoefening te verlaat. [3]

## IV. ANGLISASIE IN DIE S.A. ATHENAEUM.

Onder die name van die oorspronklike kommissielede, wat belas was met die stigting, vind ons ag Hollandse name onder die elf. Nege uit die eerste vyftien Raadslede was Hollandssprekend. Twee-derdes van die oorspronklike 260 aandeelhouers het Hollands gepraat. Die inrigting het in die begin deurgaans 'n Hollandse gees gehandhaaf. In "Het Z.A. Tydschrift" het verskeie artikels verskyn waaruit die mening duidelik geblyk het dat die inrigting van 'n eg-Afrikaanse nasionale aard was en moes bly. [4]

Maar reeds gedurende hierdie eerste jare was die kieme van verengelsing reeds aanwesig. In 1829 al besluit die Senaat om 'n goue medalje toe te ken aan die leerling wat die beste vordering gemaak het in Engels. [5]

Ons het reeds melding gemaak dat die staat dit reggekry het om, weens die Kollege se finansiële nood, seggenskap oor die beheer daarvan te kry. Hierdie seggenskap was veral nuttig by die anglisasie van die inrigting.

In 1842 bedank Changuion, wat in 1831 aangestel is as professor in klassieke tale. Hy kon hom nie langer met die verengelsing van die Athenaeum vereenselwig nie. Hy het in Desember met nege studente bly sit, waarvan vier gratis opleiding ontvang het. [6]

1). Ritchie:The History of the South African College Vol.1, 57
2). Ritchie:The History of the South African College Vol.1,74.
3). Walker:The S.A. College and the Univ. of C.T., 16.
4). Het Z.A. Tyd. Nov.-Des. 1830, 434, 435; Julie-Aug. 1831, 320; Sept.-Okt. 1831, 38[illegible].
5). Ibid., Nov.-Des. 1829, 471.
6). Walker: The South African College and the University of Cape Town, 15, 23.

## 4. DIE GROOT TREK - TERUG BY DIE BEGIN.

In die Kolonie het dit teen hierdie tyd baie donker gelyk vir die behoud van 'n eie taal en nasionalisme. Ten gevolge van 'n sameknoping van ongeregtighede, wat hul onder die Britse wanbestuur moes verduur, het duisende Boere eindelik besluit om die wanbestuur en veragting van die Brit te ontvlug. Alles wat eg-Afrikaans was, wat hul in hul isolasie in die binneland bewaarhet, sou hul in die nog groter verlatenheid van hul nuwe tuiste gaan behou en bewaar.

### (a) VOORTREKKERONDERWYS.

Die trekkende Boere was op twee dinge baie gesteld: hul godsdiens en die opvoeding en onderwys van hul kinders. Daarom het hul van die begin af uitgesien na een of meer geordende lerare en na skoolmeesters. [1]

"Erasmus Smit verhaal van 'n sekere Jan Snyman, wat 'n tent aan die van die leraar gespan het om tot skool te dien, waarin Mevr. Smit onderwys gegee het, daar hy, liever onder een bloote scherm wonen wil, dan zyn lieve dochter langer ongeleerd te zien. [2]

Daar is reeds verwys na die familielewe as dié instelling wat die Boer van barbarisme gered het. Met die Trekkers, die keur van die grensboere, was dit indien moontlik nog meer die geval. Die onderwys het saamgesmelt met die familielewe en 'n fase daarvan geword, want die stelsel van onderwys onder die Voortrekkers was indiwidualisties - elke ouer het sy eie rondreisende onderwyser aangestel.[3]

"Die opvoeding van die Afrikaanse Jeug op die trek was kernagtig, kerngerig en kerngesond....... Die opvoeding was inderdaad 'n voorbereiding vir die eise van die lewe hier op aarde: daarom moes die trekkende seun en dogter leer om te voldoen aan die eise van die praktiese, harde Trekkerslewe. Maar die opvoeding was inderdaad nog meer: dit was wesenlik 'n voorbereiding vir die lewe hiernamaals. Tyd en ewigheid, lewe en dood, hierdie aarde en die hiernamaals het in die lewe van die Trekker mekaar as 't ware ontmoet: elke kind

1). Coetzee: Onderwys in Transvaal-1838-1937, 10.
2). Moorrees: Die N.G. Kerk in S.A. 713.
3). Malherbe: Educ. in S.A., 11.

moes sowel vir die ewige as vir die tydelike lewe voorberei word en wees. [1]

"Die Trekkerskind is voorberei as kind van God vir die ewige lewe. Die hele sedelik-godsdienstige opvoeding van die Trekkerskind was bedoel en ingerig op 'n voorbereiding vir die aflegging van die belydenis van die geloof. Daarom was die eintlike opvoeding 'n godsdienstige, want "Godsdiens" was vir die Trekker die mees praktiese saak in sy lewe." [2]

Die trekker was met sy onderwys nog in die 18e eeu. Die leerboek was nog steeds die "Boeke" en die "Trap der Jeugd".[3]

(b) <u>DIE KERK EN DIE GROOT TREK</u>.

Vir die duisende wat getrek het, was die anglisasie-politiek 'n volslae mislukking. Die Engelse regering se grootste bondgenoot, om die Boere te beweeg om in die Kolonie te bly, was die verengelsde kerk. As daar één mag was wat die Boer kon beweeg om af te sien van sy voorneme om te trek, dan was dit sy kerk; en as daar één persoon was wat hy graag sou wou gehoorsaam, dan was dit sy leraar. Die Boere het getrek. Op die Sinode van 1837 was daar elf predikante, d.w.s. die helfte van die totaal wat nie gebore Afrikaners was nie.[4]

Predikante het selfs geweier om kinders van Trekkers, wat op weg na die noorde was, te doop. [5]

Die Sinode van 1837 vermaan die Boere om nie hul haardstede en altare te verlaat nie. Hul trek sonder 'n Moses en Aaron die woenstyn in om te gaan soek na 'n Kanaän sonder 'n belofte of aanwysing. Hul word herinner aan die doopsgelofte en die geloofsbelydenis by die aanneming. Wie sy kruis nie opneem en Hom volg nie, kan sy dissipel nie word nie. Hul moet onderdanig wees aan diegene wat God oor hul gestel het. Hul moet liewers bid dat die regeerders regverdig moet wees. Die regering kan ook nie optree [redacted] hy wil nie; hy moet hom ook in

1). Coetzee: Ond. in die Transvaal, 12.
2). Ibid., 13.
3). Vir die inhoud ens. van hierdie boekie sien p. 89 hierbo.
4). Dreyer: Die Voortrekkers en hul Kerk, 5.
5). Preller: Voortrekkermense, 135.

afhanklikheid van hoër magte gedra. Die regering se optrede beoog tog die uiteindelike goed van die land en die algemene welsyn. Alles is maar net tydelike skade; later sal alles tot ewige geluk strek. Hy, die Aleenheerser van die wêreld, gebruik vorste en nasies, nou om volke en lande te seën, dan weer om hul te beproef, te tug en te straf. 1)

Omdat die uitgewekenes in opstand teen hul owerheid was, is hul ook die bediening van die sakramente ontsê. 2)

In 'n brief, gedateer 23 Julie 1938, skryf A.W.J. Pretorius aan ds G.W.A. van der Lingen van die Paarl dat hy 'n brief van twee ouderlinge, tee in die land van Dingaan, ontvang het, waarin hulle smeek om 'n goeie gereformeerde leraar. Hul wat nog die lewe behou het, wou met die hulp van die algoeie God, hul geloof bewaar totdat dit die Almagtige behaag hul met 'n goeie leraar te voorsien. 3)

Die diepgestelde godsdienssin van hierdie mense het hul lewensbeskouing en lewe gerig."....... zonder regering noch wetten, anders dan die, welke door God's magtigen Vinger, diep in hunne harten waren gegraveerd, zonder dat een enkele misdaad gedurende die langdurige omswerving plaats vond, waardoor hun karakter kon besoedeld worden." 4)

(c) TERUG BY DIE BEGIN.

Die Gereformeerde Staatskool van die dae van die N.O.K. het, ten spyte van die Britse okkupasie van 1806 op die platteland bly voortbestaan, totdat die Voortrekkers hom met hul saamgeneem het. Die eenboekvolk met hul eenboekskool was weer terug by die begin. 5)

Maar toe kom die anneksasie van Natal en is hul in 'n ander opsig weer terug by die begin. Soos by die inname van die Kaap in 1806 is by hierdie anneksasie ook beloftes gemaak en gebreek. Hierdie beloftes het beide die kerk en die skool getref. In die memorandum,

1). Kaapse Kerkargief S 6, 1350; Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 3, 4.
2). Dreyer: Die Voortrekkers en hul Kerk, 8.
3). Pretorius, Kruger en Beyers: Voortrekkers Argiefstukke, 27.
4). Preller: Voortrekker Wetgewing, 24.
5). Greyling: Chr. en Nas Onderwys 11, 32, 33.

van die Koloniale kantoor, insake beloftes van sekere regte aan emigrante lees ons: "That this meeting desires to record that when the English Government took possession of this Colony, the Boers were promised that, if they would become good subjects, they should be allowed to attain their own Laws and customs - that their language should be used in Courts of Justice, and that a Clergyman and Schoolmaster should be provided, acquainted with their language. That these promises having been repeated by Sir Harry Smith, in his visit to the Colony, have, with the single exception of the one relating to the retention of the Roman Dutch Law, remained unfulfilled, the Boers having for years been left without a Clergyman and without any means of instruction of their children, whom they see growing up around them in utter ignorance." [1] Hul is dus weer terug by die begin van die anglisasie.

1). Gerdener: Boustowwe v.d. Gesk. v.d. Ned. Geref. Kerk in die Transgariep, 38.